

# HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HERALD



>>> BLADSY 2

## Boere wys hulle steun

Plaaslike boere het hulle steun gewys teen plaasaanvalle op Dinsdag, 6 Oktober.

>>> BLADSY 6

## Presidentsverkenner-toekenning

Elana Dippenaar verwerf dié besondere toekenning – die hoogste wat 'n Voortrekker gedurende skooljare kan ontvang.

>>> BLADSY 7

## Els familie

Laaslewende familie van Heilbron stigterslid, Mattheus Johannes Els, is steeds woonagtig op die dorp en versorg Els-familiebegraafplaas.



“De Vry Die Warm Rasta – Most exceptional”

## RASTA NOU KONING!

Plaaslike Distilleerders, De Vry, doen dit weer! Pasch du Plooy, meester-distilleerder, se Warm Rasta Rum verwerf 'n toekenning by die Suid-Afrikaanse Rum Toekennings vir die beste Rum, Beste Column & Pot gedistilleerde rum.

Pasch het in 2016 in sy stoor as stokperdjie begin eksperimenteer met die distillingsproses en het vinnig beseft dat hy iets spesiaal beet het. Hy is van mening dat dit die kombinasie van die Vrystaatse klimaat en spesiale vaatjies van Amerikaanse en Franse Eikehout is, wat na 3 jaar se veroudering verantwoordelik is vir dié wenner. Die proses begin met ingevoerde molasse, gis en suiwer boorgatwater.

Met 'n liefde vir die land, boerdery en met kreatiwiteit geïnspireerd deur die Du Plooy Broers, is De Vry Distilleerders 'n eg Suid-Afrikaanse distilleerder wat voortreflike produkte lewer van natuurlike, plaaslike bestanddele.



Die plantseisoen is op hande en saai-boere moet waaksaam wees teen saad-, kunsmis- en gifdiewe. Dinsdagaand is 480 sakkies mieliesaad van 'n vragmotor wat in die dorp oornag het, gesteel. Die vragmotor was geparkeer in die stuk veld op die hoek van Laer- en Leahystraat, waar daar ook 'n

abnormale konvooi met groot wipbak vragmotors oornag het. Hulle het niks

gehoor of gesien toe die mielies gesteel is nie. Volgens 'n drywer

van die konvooi was daar wel 'n wit Audi A4 met 'n gebreke lig wat 'n

paar keer verbygery het. Die mielies is tussen 01:00 en 05:00 gesteel

en die drywer van die vragmotor word ook vermis. Die sakkies 33h58

BR mieliesaad was bestem vir die plaaslike Pioneer-depot en die waarde word geraam op R 2.4 miljoen.

## R2.4 MILJOEN SE SAAD GESTEEL



## BOERE WYS HULLE STEUN

**P**laaslike boere het hulle steun gewys teen plaasaanvalle op Dinsdag, 6 Oktober 2020. Dit is na aanleiding van twee verdagtes wat in die Landdroshof op Senekal verskyn het na die gewelddadige moord op 'n jong voorman, Brendin Horner (21) van Paul Roux omgewing. Duisende boere het byeengekom buite die landdroshof, terwyl honderde ander boere langs paaie met hulle voertuie en plakkate ook hulle meegevoel en woede betoon het. Die saak is uitgestel tot 16 Oktober. Hou Die Herald dop vir verdere beriggewing.



### PERSOONLIKE VEILIGHEID BEGIN BY JOUSELF!

#### Misdaad is 'n gewigtige saak:

- Maar selfs vir 'n gewigtige saak is hierdie volgende ongelooflike waar: "Dit gebeur net met ander mense"-sindroom, waaraan ontsaglik baie Suid-Afrikaners ly.
- Dis oral om ons, dis al 'n integrale deel van ons daaglikse lewens. Omtrent elkeen met wie jy praat, ken iemand wat al 'n misdaadslagoffer was, spesifiek geweldsmisdaad. En die geweldsfaktor word net erger.
- Maar wat my altyd met 'n groot mate van verbasing laat, is die "volstruissindroom" waaraan 'n reuse persentasie Suid-Afrikaners steeds ly. Ek betaal mos belasting - die polisie moet omsien na my veiligheid - het 'n sekuriteitsmaatskappy wat my honderde rande per maand kos - ek is veilig - Ek het groot honde - Ek het 'n alarm - Ek het 'n elektriese heining en ligte buite - Ek is veilig in my eie kokon van die gekkeparadys
- O ja, laat ons nie die TAWWE-GRENSVEGTER vergeet nie - Ek was mos in die Army gewees - Ek het 'n vuurwapen - Ek skiet die rook uit hulle uit! (Dis nou niteenstaande die feit dat ek jare laas geskiet het, skaars kan onthou waar my pistool se veiligheidsknip sit, en geen idee het van WAT om te maak sou daar mense in my huis inkom nie.)
- Op dié manier sus talle Suid-Afrikaners hulle eie gewetens en oortuig hulle hulself dat hulle veilig en voorbereid is.
- Nee - Nee!!!!!! Jy is nie veilig nie!**
- Dis bloot 'n vals oortuiging. Want om niks te wil doen nie is mos makliker as om ons agterente in rat te kry en IETS daaraan te doen. Ek moet mos eers dit doen en dan sal ek - die ou gesegde is: **Spyt kom altyd te laat!!**
- Ja, mens kan 'n hele gesprek oor die Polisie aan die gang sit. Dis nie die doel hier nie. Persoonlik is ek van mening dat, niteenstaande al die negatiewe goed oor die Polisie, is daar steeds hordes uitstekende en hardwerkende manne en vroue wat ernstig is oor wat hulle doen. En selfs al was daar geen vrot kolle en probleme nie, sou hulle steeds nie in staat gewees het om elke liewe persoon se veiligheid te verseker nie! Die Polisie kan eenvoudig nie na elke wetsgehoorsame landsburger se veiligheid omsien nie. So ook nie ADT en ander nie. Te min van hulle, te veel van ons.
- **My vraag is** - wanneer gaan ons tot die besef kom dat elkeen van ons se persoonlike veiligheid by onself begin?
- **Veiligheid begin by jouself** - die probleem is dat die SAPD, Responsgroepe, Sekuriteitsfirmas, Buurtwag, Plaaswag, ens. REAKTIEF optree wat beteken dat hulle eers opdaag nadat die insident plaasgevind het...dit kan dan te laat wees!!!

### AANVALLE IN SA - DIE HARDE WERKLIKHEID !!!

- Eerstens is dit tyd dat jy begin **BESEF** dat jy wel aangeval **KAN** word in Suid-Afrika.
- Die beste basiese veiligheidswenk is wel om te bid vir beskerming, maar jy kan nie bid en verder op jou agterent sit en self niks doen nie? Die Bybel sê baie duidelik - WAAK en bid! Jy moet jou gesin dus geestelik, fisies en psigologies voorbereid om jusef te kan verdedig, indien nodig.
- Oefen jou brein en jou onderbewussyn - dit is magtige wapens waaroor ons beskik! Kweek situasiebewustheid aktief aan. Begin voorberei deur 'n opname te maak van jou huidige persoonlike vaardighede en tekortkominge.
- Dink realisties aan hoe jy sal reageer tydens 'n konfrontasie. Wat is jou styl? Gaan jy veg, oorgee, vlug, in trane uitbars of vries? Kan jy daarop verbeter? Dink aan verskillende strategieë en OEFEN DIT.
- Deur proaktief te wees en voor te berei op enige moontlike situasie, gaan daar natuurlik al hoe meer opsies beskikbaar word as jy jouself in 'n konfrontasie bevind.
- Die beste manier om al hierdie dinge te doen is natuurlik om opleiding te kry by kenners wat spesialiseer daarin. Jy KAN NIE alles self doen en weet nie! Elke konfrontasie sal anders wees.
- Wat ons wel weet is dat dit **ONVERWAGS** en **BLITSIG** sal gebeur. Ons kan nie voorberei vir alles en almal van hulle nie, maar ons kan wel voorberei vir die meeste.
- Jou effektiëste wapens in enige situasie bly natuurlik jou voorbereiding, oordeel en vaardighede. Slegs jy self kan besluit hoe jy gaan reageer in enige gegewe situasie. Wanneer jou lewe bedreig word, vertrou op jou God, jou self en jou vaardighede - jy het heel moontlik die voordeel bo die aanvalleur(s) as jy geoefen is.

#### As jy aangeval word:

- Bly so kalm as moontlik. Dink rasioneel sonder paniek. Kry 'n manier om van die gevaar te ontsnap, al beteken dit om 'n lewe of lewens te neem! Onthou, vlug bly nog steeds een van die beste maniere om uit gevaar te kan kom - dis nie 'n "skande" as dit jou lewe kan red nie!
- Evalueer gedurig die situasie en kyk na jou opsies beskikbaar. Die menslike brein is in staat daartoe om sowat 80 "planne" per minuut uit te kan dink in 'n noodsituasie. Maar as jy nie voor die tyd voorberei het nie, gaan dit 80 "empty files" wees! Probeer om een maal per maand 'n eie situasie te skep en na leemtes te soek.
- Hou aan om die situasie op te som en reageer op elke moontlike kans wat jy kry - moet nooit, ooit opgee nie - ons het 'n reg op lewe in hierdie land - dwing dit af, maar binne die Wet!!
- Laaste, maar nie die minste nie - as jy voorbereid is - veg vir jou lewe, skiet jou pad oop, maai so veel as moontlik aanvallers af - dis na alles, jy of hulle!
- Ten laaste onthou - "The more you sweat in training, the better you will be in battle"

Alwyn Swart - Sommige van die uittreksels uit Gerhard van Jaarsveld se Veiligheidshandleiding. Lees volgende week meer.

# MISDAADVOORKOMING

## CHRIS SCHUTTE SKIELIK HEEN



† Tsietsi Victor Mokoena is 1 Oktober oorlede in die ouderdom van 28 jaar. Sy begrafnis is Saterdag te Plaas begraaftplaas. Hy laat na sy familie en vriende.

**C**hris Schutte (74) inwoner van Heilbron, is Maandag skielik oorlede na 'n hartomleiding. Hy was prediker by die Metodiste Gemeente en ook betrokke by die besigheid RSA Seed and Grain. Hy is ook die vader en skoonpa van Riaan en Amanda Schutte, prokureurs op Heilbron. Hy laat na sy vrou Joanita, en kinders en kleinkinders Riaan, Amanda, Ivan, Carli, Ron, Christel, Johnathan en Meghann. Hy word vandag ter ruste gelê.

## KOBUS MIENNIE OORLEDE

Jacobus Petrus Miennie  
\* 21/09/1938  
† 07/10/2020



“Oom Kobus... Vir bykans 22 jaar 'n integrale deel van Moedergemeente. Maar, dis nie waar oom Kobus se pad in die kerk begin het nie. As ek deur die bladsye van sy stories wat hy graag vertel het blaai, kry ek sy spoor oral terug in die kerk. Haarlyn kon hy verskeie predikante en gemeentes se style vir jou vertel, want die Spoorweë het jou nie lank op 'n plek gehou nie. Hy was 'n gesoute kerkraadslid, 'n deurwinterde gelowige en hy was lief om te sing. 'n Hele paar kerkkore het sy stem benut. Tot so twee jaar gelede was tannie Martie altyd aan sy sy. Saam was hulle 'n span en hy het swaar getrek toe sy hom ontval het. Vir oulaas vanoggend, met bewerige handskrif wat besig was om 'n notule af te handel, het hy nie verder as die presensielys van die kommissie gelede gekom nie, die sin was nog nie klaar nie... En toe is oom Kobus huis toe...”

† Kobus Miennie is die 7de Oktober 2020 oorlede in die ouderdom van 82 jaar. Die begrafnis is Maandag om 11:00 vanuit die NG Moedergemeente Heilbron. Hy laat na sy kinders, kleinkinders, familie en vriende.

## DIENSSENTRUM OPEN OP 'N VROLIKE NOOT



Die Dienssentrum het 'n heerlike partytiedag gehou. Al die lede wat van Maart, toe die inperking begin het, verjaar het, se verjaarsdae is gevier! Daar is ge-koek en ge-tee en somer lekker speletjies gespeel. Die saamkuier was heerlijk baldadig en vrolik! Volgende Dinsdag is Judy Aucamp ons gasspreker.

DAAR SAL OOK  
WEGNEEM NAGEREG  
@ R10 EN 'N  
TAFEL MET GEBAK  
VIR WEGNEEM BESKIKBAAR WEES.

Goue Fare Fees  
HUIS BRON-VAN-HEIL  
31 OKTOBER 2020

Kom en kry 'n heerlike wegneem braaivleisete (Pap & Sous, Skaaptjoppie, Sosatie & Wors)  
@ R60 vanaf 12:00 - 14:00.

Slaaie: Noedelslaai, groenslaai @ R5 per slaai (Slaaie kan in Pap & Sous se plek geneem word)  
Navrae: Gerda Pieters 081 356 7575 of Sandra Mynhardt 082 940 0120



Elke Woensdag  
Royal Auction Centre  
FRANKFORT

Koopkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER  
060 966 9340

Bestuurder &  
Bemarker



CORJAN DE JAGER  
079 506 8777



Frankfort  
Cornelia  
Roadside

FANIE VAN DER MERWE  
082 494 3127



DAVID GERBER  
082 489 7424  
Reitz  
Tweeling  
Petrus Steyn



GERHARD HARTMAN  
082 550 2054



Villiers  
Grootvlei

HUGO GROENEWALD  
082 569 7205



Koppies  
Edenville  
Heilbron  
Oranjeville

IAN GROBBELAAR  
060 965 6207



Afslaer



## UIT DIE PEN

Kom ons herdoop hierdie jaar. Van *twintag-twintag* na *twintag-wragtag*. Die Groot Donald word toe ook siek en was net 'n oogknip lank in die hospitaal. Dinsdagoggend praat RSG met 'n professor van 'n mediese fakulteit in die VSA oor of Donald Trump gesond genoeg is vir die presidentskap. Nee, sê die professor, hy kon gedurende die onderhoud hoor dat Trump meer nonsens praat as gewoonlik en dat dit 'n teken is dat die kortisoonbehandeling hom beïnvloed. Lag ek toe lekker, want as ek so na politici in SA luister, kry hulle daaglikse binnearese kortisoon. Die hoeveelheid onsin waarna ons soms moet luister, verbyster my. Te midde van nog 'n sinlose plaasmoord, het ek gedink dat ek 'n vyf uur greep uit my Saterdag met julle wil deel. Dis nou te sê as jy dalk 'n lag nodig het of dalk net in mededoë aan my wil dink. Saterdagoggend gaan ek met my ou pa se bakkie wat lankal onse bakkie is, poskantoor toe. Ek gril alreeds vir 'n poskantoor, want alles word met sellotape

teen die mure geplak, party van die werkers kou soos kameelperde en die vloer is vuil in die hoekies. Ek parkeer nie reg voor die poskantoor nie, want die karwagte oorval jou. Stop aan die ander kant van die poskantoor. Ek sluit die ou ratslot en die ou bakkie. Klaar by die poskantoor, stap ek weer terug na die ou bakkie. Ek sien twee motors aan weerskante van die ou bakkie. Toe ek aanstryk oor die straat, ry die twee motors weg. Dit was vir my snaaks, want een van die motors het voor 'n hek parkeer, wat 'n duidelik teken op het dat niemand daar mag parkeer nie. Ek wil die passasierskant oopsluit, maar sien dat dit reeds oop is. Gits, ek het vergeet om die deur te sluit? Redelik nalatig, dink ek. Ek sit my pakkie op die passasierskant en stap na die bestuurder se kant toe. Interessant: daardie deur is ook oop. Dis *weird*, dink ek. Ek ry na 'n ander winkelkompleks toe, sluit die passasiersdeur van binne af en die bestuurderdeur se knippie druk ek in voordat ek die deur toeslaan. Met my terugkoms, pas my sleutel op geeneen van die deure nie: nie die passasiersdeur nie, ook nie die bestuurder se deur nie. Ek sien hoe het iemand (daai twee motors wat weerskante van my parkeer was?) die hele slotmeganisme, aan beide kante, verfonkfaai. Ek roep die sekuriteitswag van die kompleks nader en vra om te help. Ek verduidelik die hele storie en die sekuriteitswag is nes ek stomgeslaan. Ek bel my goeie man: ons kan die twee slotte vervang en probeer om dit deur die versekering te doen. Daarvoor het ons 'n saaknommer nodig. Uiteindelik het Solomon, die sekuriteitswag, en Aaron, sy

## WEEK AGT-EN-TWINTIG

assistent, die ou bakkie oop. Weliswaar 45 minute later. Nou polisieostasie toe. Nie juis om die hoek nie. Daar aangekom staan ses mense buite die polisieostasie in 'n ry en my moed sak in my skoene. Gelukkig was hulle net daar om iets te sertifiseer, en ek verduidelik my probleem. Ek word na die binnekant van die polisieostasie gelei. Daar sit ek langs vier ander mense wat vir die twee klerke wag. Elkeen is besig met die aflê van verklaring vir ongelukke of gesteelde goedere. Toe die een klerk klaar is, stap sy rustig agtertoe en ek hoor hoe sy die ketel vol water tap en dit aanskakel. Sy maak vir haar 'n koffietjie (dink ek) en volgende is sy verby my, uit buitekant toe, met haar plastiekbakkie met iets in. En ons sit. Daar stap werkers van die polisiediens by die toonbanke verby, maar niemand help nie. Ek hoor by die vrou wat langs my sit dat hulle al 50 minute wag om hulp. Ek slaan maar my telefoon oop en begin die Huisgenoot op Netwerk24 lees. Net voordat ek met die *classifieds* begin, roep die koffieklerk my. Sy neem my verklaring ernstig op: skryf neer, vra vrae, later wil sy gaan kyk of die ou bakkie se slotte regtig kas toe is. Alles op haar eie tyd, eie teiken. Sy skryf vier bladsye vol, onder andere dat ek niemand toestemming gegee het om ons ou bakkie te beskadig nie. Regtig? Uiteindelik is sy klaar en sy sê iemand sal vir my die saaknommer aanstuur. Ek kyk na die horlosie en werk so vinnig uit: 1 uur 45 minute vandat ek by die vier wagtendes aangesluit

het. Ek stap na buite en toe gebeur dit. My skoene se voorpunt haak aan iets vas en ek val stadig, maar seker, kaplaks! op die plaveisel voor die polisieostasie neer. Vertel dit nou vir iemand, en hulle sal dink jy is tordronk. Ek was nie. Ek sit dadelik regop en kyk of my broek se knieë nog heel is. En toe kyk ek wie my almal gesien het. Die karwag en 'n jong student wil my ophelp, maar dis te seer. Dis so so sô baie seer. Die student help my om my skoene aan te trek en ek staan op. Ek voel hoe my neus begin bloei en haal my pienk maskertjie af. Die bloed stroom oor my klere. Ek bereik die ou bakkie sonder om in trane uit te bars (van seer of van vernedering, ek weet nie). Ek het nie die bakkie gesluit nie (onthou jy – dit kan nie meer sluit nie) en ek klim seer-seer in, soek na 'n sneesdoekie. Ek begin huil en die karwag stap nader om te kyk of ek reg is. Ek sien hoe hy hom wit skrik oor al die bloed, orals, aanmekaar. My gesig is vol bloed, dit loop teen my hemp af, maak 'n draai in my nek. Hy stap agter om die ou bakkie en wanneer hy aan die voorkant kom, druk hy sy oë toe. Wat het ek toe van die Saterdag? My piepklein poskantoorpakkie, twee nerfak knieë, twee nerfak handpalms, 'n gat in die elmboog, 'n nerfak neus en 'n paar krappe op my bril. Waarsonder ek nie kan nie. O ja, en 'n naar, witgeskrikte sekuriteitswag. *I pack my case, your honour.*

## REATILE AIM TO SUPPORT OLD AGED COMMUNITY

Reatile Old Age and Disability Organisation is a non-profit organisation that was founded in 2017 by Merriam & Belinah Nkomo. Reatile aim to support old aged community members and people with disabilities. They currently have 80 members that are depending on them for food, clothing and in some cases for protection against violence. Wednesday, 7 October 2020, some of the members gathered in protest of Gender Based Violence affecting their community. They are asking for any form of donation to assist these helpless people. If anybody want to donate food, clothing or can offer any other help, please contact Merriam Nkomo on 078 3055 457 or Belinah Nkomo on 078 716 8421.



Merriam & Belinah Nkomo

**HBA HEILBRON ABATTOIR**

*The Butchers Choice*

**IS LOOKING FOR A HR OFFICER**  
to perform all the functions relating to Human Resources:

- Recruitment and Requirements/Skills
- Relevant Qualifications
- Computer Literate
- (MS Office, Partner Excel, Internet, Mfr Clock System)
- Ability to communicate in English & Afrikaans
- Able to work under pressure & deal with people
- Own transport
- Strong written & verbal skills - minimum of 5 years
- Human Resources & Industrial Relations function
- Industrial Relations: coordinating disciplinary processes i.e. issuing statements, taking minutes, etc.
- Internal communications & employee assistance
- HR administration i.e. absenteeism reports, employee files
- Responsible for the securing of weekly staff & casual labour
- Handling of employees payroll & cash flow

Above is just the basic requirements  
Please note: this position will suit an open-minded HR Generalist who understands principles of business  
We will not reply to comments. Please send your CV to: [admin@heilbronabattoir.co.za](mailto:admin@heilbronabattoir.co.za)  
Address: Plot 16 HEILBRON, VERKOPERS  
Closing date: 23/10/2020

## DIENTE

**Andries Muller**  
072 447 7446  
Vrystraat 23,  
Heilbron  
Ou Heilbron  
Betonwerke se gebou

**MILLING • KEYWAYS  
ALGEMENE DRAAIWERK  
MEGANIESE  
HERSTELWERK**

**BAAL / SNY & BAAL ...**  
Vir sny-, hark- en baalwerk.  
Kontak  
Evert Kleynhans  
072 018 3685  
Heilbron

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

Hugo Groenewald  
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemerking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BESWINKEL**  
Vir alle aanlyn veeverkope in die omgewing.  
Skakel gerus vir Lukas Swart  
082 322 5150  
K0728

**Latest Releases**  
*Late-Nite Video*  
Heilbron

**Fresh  
Old Fashioned Sweets  
now in store!**

**Come have a look!**

Kerkstraat 42 C / 42 C Church street  
072 807 7790 ★ 076 868 3837

**Ondervind u probleme om duidelik te hoor?**

**HEAR4LIFE**, 'n gehoorpraktijk van Pretoria, besoek Heilbron weer op **16 OKTOBER 2020**. Ingekontraakteer met mediese fondse. WEENS DIE HUIDIGE COVID-19, word gehoortetse in die veiligheid van u eie huis gedoen.

**WHATSAPP OF SKAKEL 063 959 3028 VIR AFSRAKE OF NAVRAE**

## SMALLS

## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

**Vir die beste transaksies en diens**

Elstr. 47 HEILBRON  
Tel: 058 852 2041  
Petro Meintjes 083 308 9159

## TE HUUR

**VAKANSIE-WOONSTEL TE HUUR**  
Vakansiewoonstel te huur by **PERNA PERNA, UMDLOTI**, vanaf 1 Januarie 2021 - 8 Januarie 2021. 3 Slaapkamers met 2 badkamers.  
Skakel 082 561 6370 of 012 942 1120  
DB

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**  
Gesik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.  
Hannalie Claassen 079 040 0531  
G

## TE KOOP

**TE KOOP**  
• Natural Instincts Platinum Stretcher  
• Campmaster Camper 200E Slaapsak  
• 360° Handimat Slaapmat R1 500  
Skakel 071 219 7193 Heilbron K0731

**WINSKOOP!**  
1,8 hektaar plot met 6-slaapkamer huis, 3 badkamers, groot oopplan leefarea met binne braai-area. Swembad met aparte buite braaiarea. Ruim tweeslaapkamer woonstel.  
Skakel 082 560 5935 vir meer inligting.

## BETREKKINGS

**BETREKKING BY TEAMTRANS**  
'n Ervare **LANGAFSTRAND DRYWER KODE 14** met PDP.  
Baie goeie pakket word aangebied, vir die regte persoon.  
E-Pos CV na: [teamtrans1@vodamail.co.za](mailto:teamtrans1@vodamail.co.za)  
Aansoek sluit die 23ste Oktober 2020.  
K0729

**CFF & Tombstones & Granite Works**  
[www.chtombstones.co.za](http://www.chtombstones.co.za)

**VAKANTE BETREKKING**  
Voltydse pos beskikbaar vir 'n Verkoopvertegenwoordiger/Ontvangsdame by Hoofkantoor, Heilbron

**Vereistes:**

- Rekenaarvaardigheid is 'n vereiste
- Ondervinding in Microsoft Office
- Hardwerkend
- Goed onder druk kan funksioneer
- Eerlik en betroubaar
- Afrikaans / Engels vaardig
- Goeie menseverhoudings, vriendelik en professioneel

**Stuur CV's na:**  
[admin@chtombstones.co.za](mailto:admin@chtombstones.co.za)  
of handig in by hoofkantoor te Ringerstraat 14, Industriële gebied, Heilbron  
Sluitingsdatum: 30 Oktober 2020

**AANDAG!!**  
Oom Ollie de Jager van die plaas Tierbank Noord is oorlede. Kan die persoon wat sy Nagsig geleen het, dit asb. aan sy familie terugbesorg. Dit sal hoog op prys gestel word.  
Skakel Daleen Dew 083 504 0738

**VACANCY**  
Part time vacancy exists for energetic young man as general farm worker 10km from town. Successful candidate will have to travel by bicycle which will be supplied.  
For interview call 074 899 9885  
K0730

**VAKANTE BETREKKING VIR AKTETIKSTER**

**RICHTER VAN DER WATT PROKUREURS in FRANKFORT**  
besik oor 'n aktetikster pos en moet die applikant aan die volgende voldoen:

- Moet oor 'n matrieksertifikaat beskik.
- Moet ten volle rekenaarvaardig wees.
- Moet ondervinding hê in aktevervaardiging, opstel van oordragsdokumente en verbanddokumente.
- Vlotheid in Afrikaans en Engels.
- Goeie oordeel en die vermoë om konfidentiële op te tree.
- Moet eie inisiatief kan neem en moet onafhanklik kan werk.
- Moet selfgedrewe en goed georganiseerd wees.
- Moet deeglik, effektief en onder druk kan funksioneer.

Pos beskikbaar vanaf 1 Januarie 2021  
CV's kan gestuur word na:  
Richter van der Watt Prokureurs  
Strydomstraat 11, Frankfort, 9830  
Epos: [richteraktes@lantic.net](mailto:richteraktes@lantic.net)  
Tel: 058 813 1133  
Faks: 058 813 1170

## GEMEENSKAPSNUUS

# PRESIDENTSVERKENNER-TOEKENNING ENIG IN SY SOORT

Gedurende die weeklikse byeenkoms Maandagmiddag, het Die Voortrekkers Heilbron die voorreg gehad om een van hulle lede geluk te wens met haar besondere toekenning. Die kommandoleier, Elna Cloete, het eerstens Elana Dippenaar se offisier, Corné van der Merwe, bedank vir sy moeite om Elana te kry tot waar sy gekom het. Daarna het Elna vir Elana hartlik gelukgewens en ook vir haar 'n Bybelversie (Matt 10:29) gegee om saam te neem in die grootmensewêreld. Elana en Corné het saam 'n Vaderlandswilg op Die Voortrekker terrein in Heilbron geplant as herdenking. Elana Dippenaar se besondere toekenning is die Presidentsverkenner-toekenning. Hierdie is die hoogste toekenning wat 'n Voortrekker gedurende sy skooljare kan ontvang. Om die Presidentsverkenner-toekenning te ontvang moes Elana ten minste 3 jaar aan die Voortrekkers het, maar dit was nie 'n probleem nie

aangesien sy in 2016 gedurende Die Voortrekkers se 85 jaar Fees op Vegkop ingelyf was as Verkenner (Hoërskool) by Heilbron Voortrekkers. Sy het toe oor die volgende 4 jaar 16 graadwiel opdragte voltooi en menigte spesialisasies verwerf. Sy het op gebiedsvlak gaan kamp op Doornkloof en deur al hierdie dinge te doen, het sy haar voorberei vir die besondere toekenning wat sy aan die einde van haar Graad 11 jaar voor aansoek gedoen het. In haar matriekjaar het sy nodig gehad om 'n geskrewe eksamen af te lê. Hierdie eksamen is elektronies, of te wel aanlyn oor die internet afgêel as gevolg van die inperking. Elana se ma, mevrou Juanita Dippenaar het gesê sy was meer bekommerd oor die internetkonneksie en kragonderbreking, dat hulle besluit het om dit liewer te skryf by vriende op die dorp wat 'n kragopwekker gehad het. Elana het hierdie eksamen geslaag en is sy dus uitgenooi na die afrondingskamp, maar as gevolg



Op die foto vl: Corné van der Merwe (Offisier), Elna Cloete (Kommandoleier), Elana en haar ouers, Juanita en Michiel Dippenaar.

van die verlengde inperking het Die Voortrekkers vir die eerste keer in hulle bestaan 'n afrondingskamp op 'n ander manier beleef. Johan Loubsher, Adjunkhoofleier: Verkennersake, het uit die boks gedink en 'n webinaar platform daargestel vir die afrondingsproses. Hierdie jaar se PV's was dalk ingeperk, maar hulle het uitgestyg net soos 'n opregte Voortrekker sou. Die elektroniese manier wat

gevolg was het regtig nuwe deure oopgemaak en sy is opgewonde dat die Voortrekkers tred hou met wat in die wêreld aangaan en nie net in die verlede leef nie. Dit is met trots dat Heilbron Kommando hulle opregte gelukwensing oordra aan Elana met hierdie mooi toekenning. Elana sal op 17 Oktober 2020, te Parys, in Oordverband haar toekenning ontvang.

## WELTEVREDE BRAAIMEESTERS

Oor die langnaweek van 24 tot 28 September het Thys die Bosveldklong gaste kom vermaak op Weltevrede Leeuplaas, tydens hul eerste Braaimeester kompetisie wat jaarliks aangebied gaan word. Thys se grootste aanhanger, sy moeder Elise, was tydens die 3 dae kompetisie elke dag in die voorste ry om hom te ondersteun. Thys het vir die eerste keer weer op 'n perd geklim vandat hy verlede jaar deur 'n neuroloog gediagnoseer is met Meervoudige Sklerose (MS). Hy het Vrydag selfs deur die water-glybaan gespring nadat hy die deelnemers van die Braaimeester kompetisie uitgedaag het om af te koel voor die vleissnitte vir die dag aangekondig is. Die beoordelaars het 'n baie moeilike taak gehad om die wenners aan te wys, aangesien elke braaier baie moeite gedoen het om hul snitte voor te berei tot perfeksie.

### Die wenners is as volg aangewys:

Donderdag: Steak - Henk vd Westhuizen en Nico van Rensburg. Vrydag: Hoender - Johan du Toit. Saterdag: Skaaptjop - Nico de Wet. Die wenners het elkeen met 'n gratis naweek vir twee op die Leeuplaas weggestap. Weltevrede Leeuplaas het groot vermaaklikheidsplanne vir die toekoms en bied die einde Oktober 'n Staan-skaap braai aan waar Thys die Bosveldklong gaste weer gaan vermaak met sy ligte grappies en legendariese Afrikaanse musiek.



## HOËRSKOOI HEILBRON MATRIEKAFSKEID



Op die foto bo Hilde Roos en metgesel tydens Hoërskool Heilbron se matriekafskeid.

Foto erkenning: Elsabé Keogh Photography

Sy is verlede week per abuis uitgelaat op die fotoblad.

## IN DIE EG VERBIND



Ryno & Silma Petzer is die 3de Oktober 2020 in die huwelik bevestig. Silma is die dogter van Pierre en Ericka Erasmus en Ryno seun van Keith en Alet Petzer. Silma is Joernalis by die Heilbron Herald. Foto erkenning: Marilize Loots Fotografie

# ELS FAMILIE

Quarta Pretorius



Op 6 Mei 1873 is Heilbron amptelik as dorp verklaar. Die vier stigterslede wat verantwoordelik was vir die oprigting van die dorp Heilbron, was Lourens Jacobus Erasmus, Mattheus Johannes Els, Willem Jacobus Griesel en Cornelius Johannes Swart. Die enigste nageslag van hierdie vier stigterslede, wat vandag nog in Heilbron bly, is ek en my broer Jannie Els, ons kinders en kleinkinders. Mattheus Johannes Els was ons Oupagrootjie. Hy is begrawe op die plaas Strydfontein waar Jannie en Ansa van Rooyen tans woon. In Heilbron is Elsstraat na hom vernoem, en ek bly ook vandag in Elsstraat. Baie trots daarop.

Ek en Jannie het Woensdag die begraafplaas op die familieplaas Strydfontein gaan skoonmaak. Daar lê 4 geslagte Else begrawe. Ongeveer 1848 het Cornelius Wilhelmus Els met sewe van sy nege kinders weggetrek uit Somerset Oos en hulle in Heilbron kom vestig. Mattheus Johannes Els, die stigterslid van Heilbron, het op 15 September 1874 die plaas Strydfontein (3557 morg) gekoop. Op 29 Desember 1875 het die President van die Vrystaat, J H Brand, die koopakte goedgekeur en onderteken. Voor sy dood in 1907 verdeel hy Strydfontein in ses plase vir sy kinders – Boschdraai, Hoedkop, Heuningkop, Strydfontein en Wonderfontein. Ek en Jannie het op Heuningkop grootgeword. Omtrent driekwart van die grond in Heilbron was destyds die eiendom van die kinders van C W Els.

Die naam Heilbron is afgelei van die sterk fontein onderkant die Uniefeesdam en die Riemland Museum. Die bron (fontein) sou heil bring vir die inwoners van die dorp. Hierdie fontein het sedert 1873 tot vandag nog nooit opgedroog nie. Dit het baie droogtes oorleef. Wat hartseer is, is dat helder skoon water daagliks uit die fontein stroom en net wegloup deur Phiritona en Sandersville na die Koppiesdam. Ons sukkel so met water in Heilbron – kan die fontein se water nie weer aangewend word vir die inwoners van Heilbron nie.



Links: Mattheus Johannes Els en sy vrou Maria Herbst van die plaas Strydfontein.

Bo Links: Jannie Els en Quarta Pretorius by Strydfontein se begraafplaas.

Bo Regs: Mattheus Johannes, stigterslid van Heilbron, se graf.



## ESKOM KRAGONDERBREKING

Neem asseblief kennis dat die elektrisiteitsverskaffing na Heilbron onderbreek sal word vir onderhoud by die substasie. Die onderbreking is geskeduleer vir Woensdag, 14 Oktober vanaf 07:00 - 18:00.

Die elektrisiteitstoevoer kan

sonder kennisgewing enige tyd herstel word gedurende die onderbrekingsperiode. As gevolg hiervan moet alle elektriese installasies hanteer word as lewendig en gevaarlik.

Hierdie onderbreking is nodig vir jaarlikse onderhoud.

## KENNISGEWING

Rakende 'n lisensie-aansoek ingevolge die Wet op Petroleumprodukte, 1977 (Wet nr 120 van 1977).

Kennis geskied hiermee aan alle belanghebbende of geaffekteerde partye dat

**THE PLATINUM ZONE (PTY) LTD**, waarna hierna as "die aansoeker" verwys word, 'n aansoek om 'n **KLEINHANDELSLISENSIE** ingedien het, aansoeknommer C/2020/09/25/0003

**ERF 00022**

**29 LANGMARK STRAAT, HEILBRON, HEILBRON**

Die doel van die aansoek is, om 'n lisensie aan die aansoeker toe te staan om kleinhandelspetroleumverkope te bedryf, soos in die aansoek uiteengesit is.

Reëlins ter insae van die aansoekdokumentasie kan getref word deur die Kontroleur van Petroleumprodukte te kontak by:

Telefoon: (057) 3911300; of

Faks: (057) 3522673; of

Epos: Kagisho.Mokae@energy.gov.za

Enige besware teen die uitreiking van 'n lisensie ingevolge hierdie aansoek, wat duidelik bogenoemde aansoeknommer moet toon, moet die Kontroleur van Petroleumprodukte binne twintig (20) werksdae van die verskyning van hierdie kennisgewing bereik. Sodanige beswaar moet by die volgende straat of posadres ingedien word:

### Straatadres:

Die Kontroleur van Petroleumprodukte  
Departement Minerale Hulpbronne en Energie, 314 Stateway Straat,  
The Strip Gebou, Welkom.

### Posadres:

Die Kontroleur van Petroleumprodukte  
Departement Minerale Hulpbronne en Energie, Privaat Sak X3658,  
Welkom, 9460

HERALD

# DOMINEE NOU DEEL VAN BENDE

SPORT

**N**et wenners van die gesogte HBA maandbeker kan deel wees van die elite groepie. Die "Moruti" soos hulle hom daar noem, Willem van Schalkwyk, wen toe Saterdag sy eerste maandbeker en kry sy bende-status. Die dubbelpotjiespel het ook weer 'n paar verrassings opgelewer en so het beroepswedders 'n paar rand verloor op die gunsteling. RJ Muller en Vian Leeb wen vir Jackie Leonard en Wiam Rautenbach, wat onoorwonne was.

Die liga span speel hierdie naweek teen Harrismith op Reitz. Heilbron se span is soos volg: Julyan Bruyns en John Watson, Abrie Watson en Ruan Mienie, Gerrie Muller en Eben Stander. Frankfort het aan die liga onttrek wat die prentjie ook nou anders maak.

Lede moet vroegetydig inskryf vir die OK Foods en Total Gholfdag wat op 24 Oktober gaan plaasvind. Hierdie gaan weer 'n dag wees om na uit te sien.

Hierdie Saterdag is daar gewone spel en inskrywings vanaf 10:30 vir afslaan 11:00.



Trotse maandbekerwenner Willem van Schalkwyk (regs) saam met die klubkaptein, Eben Stander.

**MHG**  
VAN HEERDEN GLASWERKE  
HEILBRON

- Tafel - glasblaaie • Speëls • Motor Windskerms
- Glas-kontrakteurs • Stort- en skuifdeure
- Aluminium skuifdeure en vensterame
- Raam van fotos skilderye & speëls

**SKAKEL:**  
Thys: 060 738 3625 • Elbie: 081 850 5155  
Juandre: 079 506 1217  
Tel: 058 852 3174

## "POLISH YOUR BALLS"

**G**root opgewondenheid heers onder inwoners van Heilbron oor die Pret Besigheidsliga wat op 13 Oktober by die rolbalbaan om 18:00 afskop.

Die kompetisie duur 4 weke. 12 spanne het ingeskryf en gaan meeding om as wenners gekroon te word.

### Spanne is:

ABC Achaar, Telwiedre, Johnny Claassen Bemarking, Nip en Tuck Gym, Kopanang, Cornelius en Vennote, Gholfkomitee, Gholflklub, Heilbron Herald, Monsanto, L & T Boerdery en die Pluimbalklub.

Dit belooft groot pret te wees en die kompetisie en kleredrag gaan uiters kreatief wees. Kom wees deel van die opwinding en kom moedig die spanne aan.



Kerrie en Rys gaan te koop aangebied word en moet vooraf by

Hannalie 079 040 0531 of Judith 079 363 0378 bestel word.

**F.T.C.**  
FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS  
Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830  
www.ftcfrankfort.com

**BRAKES & CLUTCHES** | **HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES**

Willem : 072 647 1074 | Parts : 072 684 3861  
Ruan : 072 176 4206 | Landline : 058 813 1206  
Thinus : 079 544 8096 | Email : ftcfrankfort@gmail.com

**FUNKSIONELE TERAPIEUT**  
PASTORALE BERADER  
TRAUMA, VERLEES, GESONTHEDIGHEID

**KINDER-SPELTERAPIEUT**  
TRAUMA, VERLEES, GESONTHEDIGHEID

**REMEDIERING**  
GRAAD R: GEREGLISTREERTE  
SKOOLGEREEDHEIDSTOETS

WILLEM VAN SCHALKWYK (083 852 3174)

## BKB Louwid NOORD

Die komende week se **BELANGRIJKSTE** veilings

**MAANDAG - 12 OKTOBER 2020**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling  
Kontak Louwtjie Bezuidenhout  
082 827 7443

**DINSdag - 13 OKTOBER 2020**

KLERKSDORP Weeklikse veiling  
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.  
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

**DonDERdag - 15 OKTOBER 2020**

FRANKFORT Weeklikse veiling  
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD Jaarlikse Vetvee veiling  
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**VRYdag - 16 OKTOBER 2020**

STANDERTON Weeklikse veiling  
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling  
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERdag - 17 OKTOBER 2020**

RANDFONTEIN: KIRIAKÉ SIMBRAS  
PRODUKSIEVEILING  
60 Top beeste  
11:00, Witfontein, Randfontein  
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**BKB**  
LOUWID

www.bkb.co.za  
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07  
Posbus 220, Frankfort, 9830  
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317  
e-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za